





LEES IN HIERDIE SIKELFLITS


- Seëeninge van God 2
- Invloedryke figure 3
- Boekgroep 4
- Kaarte 4
- Wellewindheid 5
- Vrouedag 5
- Ons Boekhoek 6
- Beekman—Skenking 7
- MES 7 & 8

2025:2 AUGUSTUS 2025

# SIRKELFLITS



# SEËNINGE VAN GOD 2025

Met die oorloopmooi van winter in die Kaap het ons oor die **SEËNINGE** van God gesels. As ons ‘n klein bietjie meer oplettend en bewustelik leef, sien ons die skoonheid van die natuur om ons. Elke dagbreek en sonsondergang, elke keer wat ons die voëls hoor sing, is ’n fluistering van God se teenwoordigheid.

’n Nuwe dag is ‘n geskenk om nuut te begin. Ook ons asemhaling en gesondheid wat ons soms so vanselfsprekend aanvaar. Ons word omring deur liefdevolle vriendelikheid van vriende, familie, en geliefdes wat ons dra en ondersteun en so ervaar ons God se liefde deur ander mense.


Elke maaltyd is ’n teken van voorsiening — soms eenvoudig, soms oorvloedig, maar altyd genoeg. Dan is daar die seëninge van ’n dak oor ons kop, ’n plek wat ons noem, ‘HUIS’ met ’n bed om in te slaap, krane met koue én warm water, en ‘n skakelaar wat ’n donker vertrek verlig.

Die innerlike vrede is ‘n seëning wat ons selfs te midde van chaos na ‘n plek van rus neem; ook om vreugde en blydskap uit die binneste te kan hengel wat nie afhang van ons omstandighede nie en hoe dit oorloop in dankbaarheid.

Dan is daar die seëninge van ons vermoë om te dink en te leer; ons kreatiwiteit wat op ’n duisend plekke en ’n duisende maniere manifesteer in betekenisvolle werk wat tot seën is vir ander.

Elke Sondag het ons die seëninge om vrylik te kan aanbid en ’n plek het waarna ons elke Sondag kan gaan om vir ’n oomblik te onthou hoe die liefdevolle goedheid van ons God ons lei en begelei.

Maar dan is daar die seëninge van ons Sirkel se mense — ons Leierspan se voorloop en sorg dat ons skip van een hawe na ’n ander kom, en die Godlooflike voorreg om deel te wees van ’n groep mense wat Sondae daar is en elke keer wat ons ’n beroep doen om ons te ondersteun in ons projekte ruim gee en omgee in gebare van welwillendheid wat my hart van trots laat oorloop.



Hierdie Sirkelflits is ’n ode vir elkeen van julle.
Al wat ek kan sê, is: *“dankie! DANKIE! Dankie!”*

Met liefde uit Tamboerskloof
Terblanche

# TWEE INVLOEDRYKE FIGURE IN GODSDIENS- EN BYBELSTUDIE

**Hulle het wêreldwyd ‘n invloed op gelowiges asook nie-gelowiges gemaak.**

## KAREN ARMSTRONG

is in 1944 in die Verenigde Koninkryk (Worcester) gebore. Sy is ‘n Britse skryfster, historikus en voormalige non, bekend vir haar diepgaande en toeganklike boeke oor die wêreld se groot godsdienste, waaronder Judaïsme, Christendom, Islam, Hindoeïsme en Boeddhisme. Sy beywer haar al dekades lank vir groter begrip tussen gelowe en vir deernisvolle medelye as ’n sentrale geestelike waarde.

### Temas in haar werk

- Medelye (compassion) as die kern van alle groot godsdienste.
- Die belang van historiese konteks in die verstaan van heilige tekste.
- Mystiek en stilte as diep geestelike ervarings.
- Intergeloofsrespek: Armstrong beklemtoon dat ware godsdiens nie konflik moet aanwakker nie, maar eerder as ’n bron van vrede en verstaan behoort te dien.

### Aanbeveling

As jy belangstel om met een van haar werke te begin, is **A History of God of The Case for God** uitstekende keuses. ‘n Praktiese gids vir mense van alle gelowe (of geen geloof) om meer met medelye (deernis) te leef, is **Twelve Steps to a Compassionate Life.**

## BART EHRMAN

is in 1955 in die VSA gebore en ‘n nuwetestamentikus, godsdienshistorikus en professor aan die Universiteit van North Carolina (Chapel Hill).

Hy is ‘n wêreldbekende geleerde wat spesialiseer in die Nuwe Testament, vroeë Christelike geskrifte, en hoe hierdie tekste deur die eeue heen verander is. Hy is bekend daarvoor dat hy ingewikkelde akademiese navorsing op ’n toeganklike manier aan die breë publiek bied.

### Sy geestelike reis

Fundamentalisme na skeptisisme: Ehrman het as ’n vurige Evangeliese Christen begin, toe hy jonk was. Hy het aan Moody Bible Institute en later Wheaton College gestudeer — albei bekend vir ’n baie Bybelvaste teologie.

Daarna het hy aan Princeton Theological Seminary studeer, waar hy begin twyfel het oor die foutloosheid van die Bybel, veral toe hy die oorspronklike Grieks begin lees het en die variasies in manuskripte ontdek het.

Oor tyd het hy homself geleidelik verwyder van tradisionele geloof, en beskryf homself nou as agnostikus met ’n ateïstiese siening oor God. Hy glo steeds dat godsdiens 'n belangrike deel van menslike geskiedenis is — maar nie dat die Bybel letterlik waar is nie.

### Temas in sy werk

Die mensgemaakte aard van die Bybel: Hy wys dat die Bybel deur mense saamgestel en gekopieer is — en dat dit vol variasies is.
Vroeë Christendom was nie eenvormig nie: Daar was baie verskillende groepe met baie uiteenlopende idees oor wie Jesus was en wat sy boodskap beteken.
Die Bybel reflekteer politieke en teologiese stryd in die vroeë kerk, eerder as ’n netjiese, goddelik-geïnspireerde boek met een boodskap.

### Kontroversie en invloed


Ehrman se werk is kontroversieel in konserwatiewe kringe, maar word hoog gerespekteer in akademiese sirkels. Hy is nie daarop uit om gelowiges te vernietig nie — maar om eerlik en histories verantwoordelik te vra: Waar kom hierdie tekste vandaan, en hoe het hulle ontwikkel?
Hy het miljoene mense gehelp om opnuut oor die Bybel te dink — ook gelowiges wat sy vrae ernstig opneem, selfs al stem hulle nie saam nie.

### Aanbeveling

Indien jy belangstel in Ehrman se werk, is Misquoting Jesus ’n goeie begin — dit is insiggewend sonder om te oorweldig. Indien jy graag wil weet hoe Jesus as mens in God verander is in die vroeë teologie, dan is **How Jesus Became God** besonder verhelderend.

Saamgestel deur Chrisna Smuts onder andere met behulp van ChatGPT.

# B O E K G R O E P



Die Boekgroep bestaan reeds sedert 28 Mei 2013. Gedurende hierdie 12 jaar is daar al 99 boeke bekendgestel. Op 4 Augustus 2025 gaan Janus Pretzler die 100ste boek bekendstel. Alhoewel daar gedurende hierdie tydperk besoeker-aanbieders was, is die meeste van die besprekings gelei deur Boekgroeplede. Die bywoning wissel tussen 10 en 14 lede. Die Boekgroep vergader tans in die sitkamer van die De Rust Aftree-Oord, Queenstraat 2, Durbanville. Daar is 'n Jaarprogram waarvolgens die besprekings plaasvind en dit word op die liturgie geadverteer.

Die doel van die groep is om boeke aan die lede bekend te stel. Lede hoef nie vooraf die boek te lees nie, alhoewel verskeie lede dit wel doen. Na die bekendstelling volg daar altyd 'n lewendige bespreking. Die aanbieder word ook heel dikwels tydens die aanbieding onderbreek om meer duidelikheid oor 'n aspek of twee te gee.

Versnaperinge word natuurlik na die gesprek geniet en die laaste byeenkoms is op die eerste Saterdagaand in Desember en is 'n heerlike geselligheid. By hierdie geleentheid word daar nie 'n boek bespreek nie, maar 'n Feite, Fiksie & Fabels-aand gehou waartydens al die lede iets moet deel. Dit kan 'n staaltjie, beriggie, gedig, ensovoorts wees. Kom sluit gerus aan by hierdie wonderlike groep boekliefhebbers.

## KAARTE & REISE




So lank soos ek kan onthou, het atlasse en kaarte my grensloos gefasineer. Wanneer my ma my aangemoedig het om te lees, kon sy nie my antwoord verstaan nie: *"Ek lees kaarte!"* Tot vandag toe, in my ouderdom van 78 jaar, fasineer kaarte my nog steeds en kan ek my lank verdiep in 'n kaart.

Die beginpunt van al ons reise wat ons self beplan en gereël het, het altyd met 'n kaart begin. Ons wou eers sien waarheen ons gaan reis en watter plekke om te besoek. Daar word reisboeke gekoop om te bepaal wat ons op ons bestemmings gaan doen. Nog later gebruik ons Google, You Tube en ChatGPT.

Ons maak lysies om alles te onthou wat ons gaan saamneem. Een van die eerste items op die lysie is kaarte. Met alle reise het ons natuurlik kaarte ingepak, later kaarte vanaf Google Maps gedruk en saamgeneem en veel later steeds kaarte, maar toe met 'n Garmin of GPS op die selfoon.

Daar word deeglik gedink wat ingepak moet word, want die seisoen van die bestemming is 'n bepalende faktor. Op ons ouderdom moet jy ook besin oor die medikasie wat saamgeneem moet word. Die regte skoene moet ook saamgaan om aanpasbaar by die omstandighede te wees.

Tot voor my knievervanging in 2013 het ek weekliks tot 45km gestap en dit ook op Sondagoggende. Daarna raak ek by NS betrokke en op 'n spirituele reis begin stap. Ek vind by NS 'n kaart met rigtingwysers van liefde, empatie, medelye, egtheid, integriteit en eerlikheid. Dit help my daaliks met my lewe en die reis waarop ek my bevind.

Edward Smuts

## W E L L E W I N D H E I D

Dit is 'n klein dorpie, Burgersdorp. Die hoërskool is klein en die biblioteek was in 'n kleinerige klaskamer. En tog kan boeke 'n groot wêreld oopmaak sodat mens groter kan dink.

In 1965 kom ek af op NP van Wyk Louw se Lojale Verset. In een van die essays skryf hy oor wellewendheid. Hoe ontvanklik is 'n jongmens op 16 vir die regte woord op die regte tyd! Tog het ek hoegenaamd nie geweet wat die woord alles omvat nie.

Nou onlangs kom die woord weer by my op en ek begin met 'n bietjie naslaanwerk. Dis nou 'n aspek van die selfoontegnologie wat my soms sprakeloos van verwondering laat. Tik 'n woord in – ja, in Afrikaans, en sekondes later kry jy 'n hele klomp inligting.

Ek lees: Volgens Louw is wellewendheid nie 'n oppervlakige hoflikheid nie, maar 'n morele houding - 'n manier om menswees te eer. Dis 'n bewuste keuse om ander mense met respek, takt en beskaafdheid te hanteer, selfs (en veral) as dit moeilik is. Vir hom staan wellewendheid in teenstelling met wat hy die "magstaal" van barheid, arrogansie en brutaliteit noem.

Nou het ek die woord gekry om sin te probeer maak van wat in die wêreld aangaan, wat wêreldwyd verkeerd is – die gebrek aan wellewendheid is oral sigbaar, voelbaar. Die afwesigheid daarvan het 'n verwoestende uitwerking op lande, kontinente. Oral waar lewensbelangrike samesprekings gehou word, waar die belangrike wêreldleiers in gesprek tree, sien jy dat wellewendheid hoegenaamd nie meer deel is van mense se wêreld- en lewensbeskouing nie. In tye van polarisasie moet daar juis 'n bewuste keuse uitgeoefen word om kalm, met aandag en respek teenoor ander op te tree – selfs al verskil jy van hulle.

Selfs op kerklike terrein is wellewendheid glad nie meer duidelik merkbaar nie. En tog is ons geleer dat daar 'n Goue Draad deur al vyf die groot geloofsoortuigings loop: Behandel ander mense soos jy self behandel wil word. Dit is nie vreemd dat kerkleiers mense wat so effens andersdenkend is in arogante en neerbuigende taal aanval nie.

Hoe rym dit met die grootste twee gebooie? Moet elkeen nie deeglike selfondersoek doen en dan daardie wellewende keuse uitoefen nie? Elke mens kan 'n groot verskil in sy eie kring maak, in die lewens van mense met wie jy in aanraking kom. Dit sal uiteindelik - groter en verder uitkring.



Chrisna Smuts



## VROUEDAG

in Suid-Afrika word jaarliks op 9 Augustus gevier. Dit is 'n nasionale openbare vakansiedag wat die bydraes, dapperheid en krag van vroue in die land eer.

Vrouedag herdenk die gebeurtenis van 9 Augustus 1956, toe ongeveer 20 000 vroue van alle rasse na die Uniegebou in Pretoria opgeruk het. Hulle het geprotesteer teen die apartheid-regering se paswette, wat vereis het dat swart Suid-Afrikaners pasboeke moes dra.
Die vroue het 'n petisie met meer as 100 000 handtekeninge (foto bo) aan die regering oorhandig. Hulle het vir 'n paar minute in stilte gestaan en toe ' n lied gesing wat bekend geword het:

*Wathint' abafazi, wathint' imbokodo!*
As jy 'n vrou aanraak, raak jy aan 'n rots.

### BETEKENIS VANDAG

Vrouedag is nie net 'n herdenking van die geskiedenis nie, maar ook 'n dag om:

- Aandag te vestig op huidige kwessies wat vroue raak, soos geslagsgeweld, diskriminasie en ongelykheid.
- Vroue se prestasies te vier in die gemeenskap, ekonomie, politiek en kultuur.
- Geslagsgelykheid te bevorder.
- Die hele maand Augustus word as Vrouemaand gevier, met programme en veldtogte wat vroueregte bevorder.

Edward Smuts




# ONS BOEKEHOEK

**Lize-Mari du Plessis**


Hierdie maand is daar net een boek wat ek wil aanbeveel. Dis 'n kinderboek met 'n baie dieper betekenis. Ek weet julle sal dit geniet!



**THE VELVETEEN RABBIT** Margerie Williams 1922




**Hierdie klassieke kinderboek wat in 1922 gepubliseer is, moenie te ligtelik opgeneem word nie. Na my mening is dit 'n moet-lees en het 'n dieper boodskap wat op 'n pragtige manier oorgedra word. 'n Speelgoedhasie smag daarna om 'n regte hasie te wees en kan slegs dit regkry deur die liefde van sy eienaar, 'n klein seuntjie (slegs na verwys as The Boy). Die essensie van die storie is wat dit beteken om eg te wees ('real'), en dat dit slegs moontlik is deur ware liefde en verbintenisse wat jou heel maak. Dis ons littekens en ons letsels wat ons eg maak. Die verhaal is eenvoudig, maar in minder as 100 bladsye was ek as leser so emosioneel ingesluk, dat ek nie die trane kon keer nie.**





## DONASIE VAN SKRYFBEHOEFTES

BEEKMAN het R20 000 se skryfbehoeftes geskenk. Hulle het gevra dat NS dit moet toeken aan skole. Die vyf landelike skole waarmee ons kontak het, het elkeen van hierdie skryfbehoeftes ontvang. Edward Smuts en Theuns Moolman het die skryf-behoeftes regverdig verdeel sodat elke skool hulle deel kon ontvang.

Klipheuwel, Fisantekraal, The Valley, Viss-ershok en Attie van Wyk Primêre Skole het elkeen van hierdie skryfbehoeftes ontvang. Groot dank gaan aan Beekman vir hulle ruim skenking.

**BEEKMAN IS 'N LEIER IN SUID-AFRIKA VIR DIE VERVAARDIGING VAN GLASVESELKAPPIES VIR BAKKIES — SKAKEL 0861 22 6679**




Jaarliks in Mei-Junie loods Neo-Spektrum 'n projek wat die Winterhoop (sien bl.8) genoem word. Hier is die NS-span saam met die MES-span. Van links na regs: Theuns Moolman, Gerda Gerber (MES) Edward Smuts, Clarina Hanekom (MES) en Johan Struwig. Agter Johan staan Chris Swart wat 'n jarelange donateur van MES is en saam gegaan het vir die aankope by Gaints en die aflewering van die NS-skenking.










Met die Winterhoop verskaf NS voedselvoorrade asook warm kledingstukke. MES hanteer beide hawe- en werklose mense by verskillende sentrums hier in die noordelike voorstede. Daar is 'n MES-eetsaal in Queenstraat, Durbanville. By die minibus-staanplek is daar huisvesting vir hawelose persone so ook in Bellville by AJW straat. Daar is ook huisvesting in Parow by die Centre of Hope in Alexandrastraat 110 - sien foto hieronder.

***At MES they drive essential social change aimed at solving systemic poverty and homelessness.***

***Changing the Heart of the City.***






**B E S O E K D I E W E B B L A D V A N N E O - S P E K T R U M**

**https://neospektrum.co.za/ waar daar 'n skakel na NS se facebookblad is**

**Edward Smuts: Samesteller ed56chris@gmail.com** **Chrisna Smuts: Taalversorging chrisna1949@gmail.com**